**Desember 2006**
Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria

**Pretoria se ondergrondse water**
Die volgende van Mari Mosterd
Ek het in 1958 by De Bruyn se Skoenwinkels se kantoor begin werk. Hulle gebou was toe 'n vyf verdieping gebou op die hoek van Sentraal- en Kerkstraat. Hulle was naas die ses verdieping gebou van Volkskas op die hoek van Van der Walt- en Pretorius straat, die hoogste gebou in Pretoria !! Kan jy glo ?
Wat so interessant was, was die waterput wat in die kelder verdieping van De Bruyns was. Elke Maandag oggend het die opsigter die pomp aangeskakel en die put leeggepomp en die lieflike helder water het in die stormwaterdrein van die straat afgeloop. Dit was om te voorkom dat die put dalk opstoot en die kelder verdieping onder water kon kom. So het ons gehoor.
Ek wonder ook nou wat van daardie water geword het ? Groetnis, Mari.

**Geheim van die Pretoria se eerste Doopregister**
Tydens die eerste nagmaal van die nuwe gemeente van Pretoria [8/9 September 1855] is 61 kinders gedoop en met die volgende nagmaal [2.3 Feb 1856] is 36 kinders gedoop [ENG-05 p14]. Die eerste kerk op Kerkplein is in Februarie 1857 ingewy. Gedurende die naweek is daar 114 kinders gedoop [ENG-05 p16]. Waar is die register van die kerk met die inskrywings ? Dit kon ek nog nooit opspoor nie.

Uiteindelik die antwoord. Daar was geen boek nie en die gegewens is in die Potchefstroomse register ingeskryf. Die register is by die Herv. Kerk Argiewe in Jacob Mare-straat beskikbaar en dit is die volgende projek wat ek gaan aanpak - om die register af te neem dat ons dit op CD beskikbaar kan kry. Die inligting is verkry uit die boekie deur Prof. Dr. S.P. Engelbreght wat uitgegee is toe die kerk 100 jaar oud geword het.

**Ontstaan van die drie Susterskerke in Suid-Afrika**
Die interessante stukkie geskiedenis word breedvoerig in die boek behandel. Ons voorgeslagte was darem 'n koppige klomp met elkeen sy eie opinie. As mens die boek lees is dit moeilik om te glo dat daar net drie en nie ses Susterskerke ontstaan het nie.

'n Baie interessante korrelkop was ds. A.J. Begeman [*1831-1925]. Tydens die Nagmaalnaweek van 2/3 Julie 1864 weier hy om nagmaal te bedien voordat daar by die gemeente nie eers ware godsdienstige belangstelling bestaan nie [ENG-05 p36]. Dit was na aanleiding van die burgeronluste waar 'n paar persone gesneuwel het. Hierdie ontaktvolle onkerklike handelswyse waar hy die hele gemeente somaar op eie gesag onder sensuur geplaas het, het 'n opskudding veroorsaak.

Ook het hy geweier hy om die dankgebed te doen tydens die sluiting van die Volksraad op 20 Februarie 1864 [ENG-05 p27] maar die vet was behoorlik in die vuur toe hy op uitnodiging 'n gebed gedoen het tydens die ingebruikneming van die nuwe losie van die Vrymesselaars [ENG-05 p40].

'n Aantal jaar later het hy op 'n kerkraadsvergadring gesê dat 1 Johannes V vers 7, later in die Bybel sou ingevoeg wees en nie daarin behoort nie, en so ook die eerste verse van die agste hoofstuk van die Evangelie van Johannes [ENG-05 p41]. Vir die ou boere was

dit te veel dat iemand die Bybel kritiseer en nie lank daarna het ds. Begeman uit die bediening getree.

**<u>Bron verwysing</u>**

ENG-05 Engelbreght, Prof. Dr. S.P. **Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria 1855 – 1955.** Uitgegee deur die Kerkraad.

**<u>Kaarte van Ou Pretoria</u>**

Kom ons kyk of ons nie 'n spanpoging kan aanwend om al die ou kaarte van Pretoria op CD te sit nie en so beskikbaar te stel aan navorsers en ander belangstellendes nie. Behalwe dat dit interessant is, is daar is ongelooflik baie inligting op ou kaarte. Ek het lank gelede begin maar het my toe vasgeloop deur die beperkinge van die scanners. Dit moet 'n "flat bed" scanner wees en nie 'n rol scanner nie omdat die kaarte nie om die rol kan loop nie. Vandag is dit nie meer 'n probleem nie. Met 'n hoë resolusie digitale kamera kan die kaarte stuk-stuk afgeneem word. Daar bestaan glo 'n program waarmee al die stukke dan weer aanmekaar gelas kan word. My rekenaar is egter baie klein en daarom vind ek dit makliker om met 'n kaart wat uit los stukke bestaan te werk.

Mens moet net oppas om nie te presies en puntenering te wees nie, al is die kwaliteit nie altyd baie goed nie sê ek altyd - <u>iets is beter as niks</u>**.**

Die eerste stap is om 'n lys van die bestaande kaarte op te stel. Dan weet ons waarna om te gaan soek. In die boek Pretoria 1855 – 1955. Geskiedenis van die stad Pretoria. Onder redaksie van Prof. S.P. Engelbreght verskyn 'n lys van gepubliseerde Kaarte van Pretoria op bladsy 383. Ek het die lys aangevul met nog 'n paar ander kaarte. Het enige van u nog inligting?

* [1] **Kaart van het Dorp Pretoria.** Gemeet in 1857-1858 door A.F. du Toit. 2 Maart 1859 [ALL-01 p6]

* [2] **Compass Sketch Map of Pretoria, Transvaal**. Compiled in Royal Engineer' Office, Pretoria. 14.11.1879 [ENG-04 p383]

[3] **Plan of Pretoria and Suburbs**. Compiled by G.A. Troye, surveyor-general's Dept. (Inset: List of Public Offices and Principal Places of Business). – Pretoria 1888. [ENG-04 p383]

* [4] **Van Vooren, J. en Oerder, J.H.**: Kaart van Pretoria Z.A.R. (Schaal 400 Kaapsche [Rijnl.] voet = 1 Eng. dm) 1889. [AND-01 skudblad voor] [ENG-01 p43] [ENG-04 p383] [DUN-01 p-6]

* [5] **Plan of Pretoria showing the Property of the Pretoria Estate and Market Company,** to be sold under "The Oaks", Church Square Pretoria on Saturday October 24th, 1896 at 10 a.m. by J.D. Celliers & Co., Auctioneers [Map showing residences of numerous prominent Pretorians]. [ENG-04 p383]

* [6] **Pretoria-Dorp dus zonder zijn voorsteden tusschen 1887 en 1897**. Uit C.G.S. Sandberg se boek "Twintig jaren onder Krugers Boeren in Voor- en Tegenspoed". [AND-01 skudblad agter] [ENG-01 p57]

+ [7] **Melvill's Plan van Pretoria en Voorsteden.** Vervaardigd van goedgekeurde kaarten aanwezig in Landmeter Generaal's Kantoor door B.D. Melvill van het Landmeter Generaal's Department, Pretoria, Z.A.R., 1899 (schaal 1:11,000). [ENG-04 p383]

* [8] **Donaldson & Hill's** New Map of the City of Pretoria and Subburbs. Compiled by D. Seccadanari, Engineer and Carthographer. Revised to Oct. 1904. (Scale 600 Cape feet = 1 inch) [ENG-04 p383]

* [9] **Pretoria and Environs**. Surveyed June-July, and Revised to November, 1900 by No. 1 Survey Section under Major **H.M. Jackson**, R.E. Field Intelligence Dept., Army Headquaters, Pretoria. (scale 1 inches = I mile]. [ENG-04 p383]

* [10] **Geological Survey of the Transvaal: Pretoria and Environs**. Surveyed June-July, and Revised to November, 1900 by No. 1 Survey Section under Major **H.M. Jackson**, R.E. Field Intelligence Dept., Army Headquaters, Pretoria. Geologican surveyed in Nov.-Dec., and Januarie 1904-1905 by H. Kynaston, B.A., F.G.S. Director, A.I. Hall, B.A., F.G.S. and F.A. Steart F.G.S. (scale 1 inches = I mile]. [ENG-04 p383]

* [11] Pretoria Ongeveer 1900 ????

* [12] **Magisterial District of Pretoria.** Union of South Africa. Province Transvaal. P.F. Wagstaffe. [chief Mapping Draughtsman] September 1917

[13] Geologiese Opname/Geological Suevey: Pretoria Nuwe Serie/New Series. (1929) [ENG-04 p383]

* [14] **Paff's Plan of Pretoria –** Compiled and drrawn by Capt. Paff, D.T.D., late Perm Force Staff, DU.D.F. Scale 1:22885. [1929]

[15] **City of Pretoria –** Compiled and lithographed in the Surveyor General's Office, Pretoria, 1911 – Revised 1932 – Scale 1:11156.4 [ENG-04 p383]

* [16] **Stad Pretoria [Innesdale]** Compiled by the Survey Office, City Engineers Department 1944

* Kaarte wat ek reeds op rekenaar het. Sommige in klein stukkies an ander as vreeslik groot kaarte.
+ Kaart op Mikrofilm

**<u>Bronne geraadpleeg</u>**

ALL-01 Allen, **Vivien Kruger's Pretoria** A.A. Balkema. Kaapstad 1971

AND-01 Andrews, Tom ea. **Straat- en Plekname van Ou-Pretoria**. J.L. van Schaik 1989

DUN-01 Dunston, Lola **Young Pretoria 1889-1913** Lola Dunston Pretoria 1975

ENG-01 Engelbreght, S.P. [red] **Eeufees-Album. Pretoria se eerste eeu**. J.L. van Schaik Beperk., Pretoria 1952

ENG-04 Engelbreght, S.P. [red] **Pretoria 1855-1955. Geskiedenis van die stad Pretoria** Wallachs' P. & P. Ltd. Pretoria

## Uniegebou Tronk

Hier is 'n gedeelte van **Paff's Plan of Pretoria** – Compiled and drrawn by Capt. Paff, D.T.D., late Perm Force Staff, DU.D.F. [1929]




Ek het nie veel kennis van Pretoria na 1900 nie maar het nog nooit gehoor van 'n tronk by Meintjeskop nie. Het iemand miskien meer inligting?

Ook interessant op die kaart is dat die hedendaagse voorstad Colbyn wat toe Colby geheet het. Die ou Hospitaal waar baie van ons gebore is – die Moedersbond – het toe al bestaan.

## Meintjeskop Kamp

Ek het 'n paar maande gelede geskryf oor die kamp by Meintjeskop. Hier is nog 'n stukkie uit die oorlogsdagboek van mej Anna Cillie in die Pretoriana No. 79..

12 Oktober 1901 …. En toe ons weer sien gaan ons wa saam met al die ander na van der Hovensdrift Kamp…. Almal moet in die kamp afgelaai word. Daarvandaan kan ons plan maak om weer uit te kom ….. Hier waar 'n paar honderd tente staan word die mense uitgesoek en na verskillende plekke gestuur. Vrouens van wie die mans nog veg gaan na kampe in Natal. Weduwees en vrouens wie se mans gevang is gaan na Irene. Die wat vir hulle self kan sorg mag – as dit toegelaat word – op applikasie in Pretoria gaan woon …..

Feb 1902: Uit ons kamp is 4 of 5 vrouens met hul kinders na die gewese vrouekamp (van der Hovensdrift) gebring. Margarieta en ek het hulle gaan opsoek. Nou het ons nie meer 'n permit of pas nodig nie want die kamp is verander in 'n "Joiner-kamp". Die gesinne van die "national scouts" en almal wat vir die Engelse werk woon nou daar…."

Uit die lewensbeskrywing van H.S. Bosman die volgende: "…'n ander "refugee camp" wat van 11 Januarie to 15 Desember 1902 teen die hang van Meintjeskop in die omgewing van die huidige Brynterion bestaan het. Op 'n stadium was daar 650 vroue en kinders van mans wat met die vyand saamwerk of selfd die Britse leër gedien het. Na die vrede is ook 'n aantal National Schouts saam met die vroue daar gehuisves."

Groete tot volgende maand
Rosa Swanepoel